

Dinsdag 8 Februarie

Skrifgedeelte: Romeine 5:12-21

Fokusgedeelte: Romeine 5:17

Goeie nuus: 'n nuwe familie

Om uit genade vrygespreek te wees, maak 'n reuse verskil in die lewe van die kind van God. Paulus wil jou diep onder die indruk bring van hoeveel Christus vir jou bereik het. Dit doen hy deur die resultate van die optrede van Adam en Christus met mekaar te vergelyk. Ons kan sê dat dit in Romeine 5:12-21 gaan om die *Adam-familie*, waarby alle mense ingesluit is, en die *Christus-familie*, waarby elke vrygekoopte en dus die vrygespreekte Godskind ingesluit is.

Voor jou verlossing behoort jy en alle mense aan die familie van Adam, die een mens deur wie die sonde in die wêreld ingekom het. Dit beteken 'n sinnelose bestaan van ongehoorsaamheid, sonde en die dood. In Adam is jy 'n sondaar en 'n ter-dood-veroordeelde.

Die goeie nuus is egter dat 'n nuwe verbondenheid moontlik is. Jy kan aan Jesus Christus gebind word. Deur sy optrede is die teenoorgestelde van die dood bereik. Hy het die lewe ingedra deur 'n daad van volkome gehoorsaamheid en jou vrygespreek. Hy het jou dus van die dood verskoon. Die werklikheid van jou lewe in die Here is so totaal anders. Daar is redding, genade, versoening, vryspraak, gehoorsaamheid en die ewige lewe.

Wat Christus vir jou gedoen het, is so anders as dit wat Adam nagelaat het. Adam laat 'n mens dink aan straf, sonde, die dood, veroordeling, vyandskap. Daar hang 'n doodsreuk oor die Adam-familie, maar oor die Christus-familie sweef die geur van God se goedheid. Uit genade mag jy ervaar wat dit beteken om werklik te lewe – binne die kring van 'n nuwe familie, almal in Christus een.

Die rykdom van God se genade is oorweldigend. Terselfdertyd is dit ook 'n bron van sekerheid waaruit jy elke dag nuut kan lewe én vrede put.

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)